

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 20**

**17 Mei 2027**

# Die Verlore Seun
## ‘n Liefdesverhaal… (2)

**Kindskap is nooit verlore nie**
Die seun begin sy geoefende belydenis, maar die vader onderbreek hom. Die vader reageer glad nie op die deel oor om ‘n dienskneg te word nie. Hoekom? Omdat hy nooit sy kindskap verloor het nie.

**Herstel, nie heraanstelling nie**
Die kleed word vir hom aangetrek. Dit verteenwoordig geregtigheid. Nie verdien nie. Gegee. Die ring aan sy vinger gesit. Dit verteenwoordig gesag en identiteit. Skoene word aan sy voete gesit. Dit verteenwoordig herstelde kindskap, nie slawerny nie. Die vader aanvaar hom nie voorwaardelik nie. Hy reël ‘n feesviering.

**Die voltooide werk van Jesus**
Dit is die voltooide werk van Jesus. Die kruis is die Vader wat hardloop. Die opstanding is die kleed, die ring en die feesmaal. Verlossing is nie God wat jou net verdra nie. Dit is God wat jou volkome herstel.

**Die ander seun wat verlore was**
Dan is daar die ouer broer. Hy het nooit die huis verlaat nie, maar hy het nooit die vader geken nie. Hy het gehoorsaam, maar nie gerus nie. Hy het gedien, maar nie geniet nie. Dit is die godsienstige hart. Naby God in aktiwiteit, ver van God in intimiteit.

**Genade vir rebelle en reëlvolgers**
Die vader gaan ook na om toe. Genade agtervolg rebelle en dié wat by die reëls bly op dieselfde manier. Die verhaal van die verlore seun wys dat die Vader nooit opgehou het om goed te wees nie. Die seun het nie genade gevind omdat hy teruggekeer het nie. Hy het teruggekeer omdat die genade reeds daar was.

**Onuitputlike diepte en betekenis**
Dit is hoekom hierdie verhaal in honderde klein boodskappe opgebreek kan word. Elke vers openbaar iets van genade. Elke handeling openbaar iets van die Vader. Elke reaksie ontbloot iets wat ons oor God glo. ‘n Mens kan ‘n leeftyd spandeer om hierdie gelykenis oop te breek en steeds nie alles begryp nie. Want die verlore seun is nie net ‘n verhaal wat Jesus vertel het nie. Dit is die verhaal wat Jesus gekom het om te leef. – Brian Romero

**‘n Uitnodiging om huis toe te kom**

As jy ver, skaam, moeg of onwaardig voel … Die Vader wag nie dat jy jouself regmaak nie.
Hy hardloop reeds na jou toe. Die fees is gereed. Die kleed is voorberei.
Die werk is volbring.

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Ook vir die areas en mense waar dit nog bitter droog is, asook waar daar vloede is.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Dina Roothman
- Marcel Holtzhausen
- Debbie Fourie
- Stefanie Joubert

Hettie Singleton
Tiné Pretorius
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Arno Claassen
Tannie Sannie Wentzel
Jaap Naudé
Charlie Behrens

Dink in gebed aan Hettie Singleton met die afsterwe van haar man William

**Gedagte vir die week**

**Die verlore seun gaan oor die liefdesverhaal van‘n goeie Vader!**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org